## 19.10 RAPPORT 2: DEPUTATE JEUGSORG – TOERUSTINGSMATERIAAL EN HULPMIDDELS (Art 165)

A. Ds HC van Rooy lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

**1. Opdrag**

Acta 2012:239, 3.1-3.2: Die Deputate Jeugsorg is verantwoordelik vir die versameling en opgradering van toerustingsmateriaal.

**Besluit: Kennis geneem.**

**2. Uitvoering van opdrag**

2.1 *Sake waarvan die Sinode kennis neem*

2.1.1 Verskeie materiaal deur GKSA predikante geskryf vir kampe en Bybelstudie-groepe is deur die kantoor versamel en op die webblad geplaas.

2.1.2 Daar is verskeie skakels en toepassings *(apps)* na opbouende Christelike literatuur ondersoek en op die webblad geplaas vir gebruik deur gemeentes se jeugbediening.

2.1.3 In 2013 het die Deputate ‘n tydlyn van die Openbaringsgeskiedenis en ander praktiese toerusting vir Bybelstudie en katkisasie uitgegee. ‘n Soortgelyke publikasie word in die vooruitsig gestel in 2014.

2.1.4 Die moontlikheid om toerustingsvideo’s oor aktuele temas te maak, is ondersoek. Vanweë die hoë koste is daarvan afgesien en besluit om van die materiaal oor aktuele temas op *YouTube* en *Fervr* te ondersoek en bekend te stel.

2.1.5 Die moontlikheid om etiese en geloofsake lewendig te kommunikeer deur middel van (nie-professionele) video-opnames op ‘n vraag-en-antwoord basis, word ondersoek. Die beplanning is dat dit beskikbaar gemaak word deur middel van ons Kruispad webtuiste.

**Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.5 kennis geneem.**

**3. Sake waaroor die Sinode besluit**

3.1 Die opdrag t.o.v. bogenoemde take en aksies word gekontinueer.

**Besluit: Goedgekeur.**